Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/
# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2020(2)

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: HOE HET DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's TOT KOUE OORLOG-SPANNING IN KUBA BYGEDRA?

### BRON 1A

Die bron hieronder fokus op waarom Kuba en die Sowjetunie in die vroeë 1960's bondgenote geword het.

Toe Fidel Castro in Kuba aan bewind gekom het, het sy verhouding met die Verenigde State van Amerika versleg. Castro was nie 'n kommunis nie, maar het nouer bande met Nikita Khrushchev (leier van die Sowjetunie) gesmee as gevolg van sy ondersteuning en vriendskap. Diplomatieke en handelsbetrekkinge is later tussen Kuba en die Sowjetunie aangeknoop. Castro het alle banke en Amerikaanse maatskappye genasionaliseer en geweier om vergoeding te betaal.

Die VSA het gereageer deur in 1961 alle diplomatieke en handelsbetrekkinge met Kuba te verbreek. Castro het gereageer deur aan te kondig dat Kuba nou kommunisme as politieke ideologie implementeer. Die Amerikaanse regering het gereageer deur 'n handelsverbod (embargo) op alle Kubaanse goedere te plaas. Dit het beteken dat Kuba nie 'n mark vir hulle suiker- en tabakprodukte gehad het nie. Dit het Kuba gedwing om hulle produkte aan die Sowjetunie te verkoop en in ruil daarvoor het Kuba olie en wapens by die Sowjetunie gekoop …

ÉcoleBooks

Khrushchev en die Sowjette kon nie vir 'n bondgenoot teen die Verenigde State van Amerika (VSA), wat beter geleë was, gevra het nie. Die Amerikaners het bondgenote regdeur die Oostelike Halfrond, wat die USSR omring, gehad. Die VSA het 'n groot aantal militêre magte in Europa naby Sowjetgrense gehad … Dit was welbekend dat die Verenigde State kernmissiele in Turkye gehad het wat op die Sowjetunie gerig was.

Die Amerikaners was reeds besig met planne om van Castro ontslae te raak toe John F Kennedy aan die begin van 1961 president geword het … Hierdie plan het in April 1961 rampspoedig geëindig met die mislukte geveg by die Bay of Pigs. Castro en sy weermag het gou die rebelle, wat deur Amerika ondersteun is, verslaan en die mislukking was 'n groot vernedering vir Kennedy se administrasie … Dit het gehelp om Castro se bondgenootskap met die Sowjetunie te versterk.

[Uit *The Cuban Missile Crisis – To the Brink of War* deur Paul J Byrne]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**BRON 1B**

Hierdie bron is deel van 'n verklaring wat Nikita Khrushchev op 11 September 1962 gemaak het. Dit beskryf in breë trekke hoe die Sowjetunie Kuba ekonomies en militêr bygestaan het.

Ons steek dit nie vir die wêreldpubliek weg dat ons inderdaad hulpbronne soos nywerheidstoerusting en -goedere aan Kuba verskaf wat help om hulle ekonomie te versterk en om die welstand van die Kubane te verhoog nie.

… op versoek van die Kubaanse regering word 'n sekere hoeveelheid wapens ook vanaf die Sowjetunie na Kuba verskeep as gevolg van aggressiewe dreigemente deur imperialiste. Castro het ook die Sowjet-regering versoek om militêre kundiges en tegnici na Kuba te stuur wat die Kubane kan oplei in die hantering van hedendaagse wapens wat hoë vaardighede en diepgaande kennis vereis. Dit is net vanselfsprekend dat Kuba nog nie sulke kundiges het nie. Dit is hoekom ons hierdie versoek oorweeg het. Daar moet egter genoem word dat die aantal Sowjet militêre kundiges wat na Kuba gestuur is, hoegenaamd nie met die aantal landbou- en nywerheidswerkers wat daarheen gestuur is, vergelyk kan word nie. Die wapens en militêre toerusting wat na Kuba gestuur is, is uitsluitlik vir verdedigingsdoeleindes ontwerp. Die President van die Verenigde State van Amerika en die Amerikaanse weermag weet wat verdedigingsmiddele is. Hoe kan hierdie middele Amerika bedreig?

Ons het gesê, en ons herhaal dit, dat indien oorlog sou uitbreek (begin), as die aggressor 'n aanval op een of ander staat uitvoer en hierdie staat om hulp vra, het die Sowjetunie vanuit sy eie gebied die geleentheid om aan enige vredeliewende staat, nie net aan Kuba nie, bystand te verleen …

Ons sê dit nie om iemand bang te maak nie. Intimidasie (afknouery) is iets vreemd (onbekend) in die buitelandse beleid van die Sowjetstaat. Dreigemente en afpersing is 'n integrale deel van die imperialistiese state. Die Sowjetunie is 'n voorstaander van vrede en wil nie oorlog hê nie.

[Uit http://www.mtholyyoke.edu/acad/precrisis.htm. Toegang op 21 Augustus 2019 verkry.]

**BRON 1C**

Die bron hieronder fokus op hoe President Kennedy op die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba gereageer het.

Alle Amerikaners, asook al ons vriende in hierdie Halfrond, is besorgd oor die Sowjetunie se rol om die militêre mag van die Castro-regering in Kuba te steun (versterk). Hierdie regering het in die afgelope vier dae inligting by verskeie bronne bekom wat sonder twyfel bevestig dat die Sowjette 'n aantal lugafweer-verdedigingsmissiele, met 'n reikafstand van vyf en twintig myl, aan die Kubaanse regering verskaf het ... Saam met hierdie missiele verskaf die Sowjette klaarblyklik die omvattende radar- (sensor-) en ander elektroniese toerusting wat vir hulle operasie benodig word.

Ons kan ook die teenwoordigheid van verskeie Sowjet-vervaardigde motor-torpedobote, wat skip-tot-skip geleide missiele met 'n reikafstand van vyftien myl vervoer, bevestig. Die aantal Sowjet- militêre tegnici wat sover bekend nou in Kuba is, of op pad daarheen is, is ongeveer 3 500 en strook met hulpverlening ten opsigte van die opstel en gebruik van die toerusting. Soos ek verlede week gesê het, ons gaan voort om inligting so vinnig as wat dit ontvang en behoorlik geverifieer (nagegaan) is, beskikbaar gestel.

Die Kubaanse vraagstuk moet beskou word as deel van die wêreldwye uitdaging wat die kommunistiese bedreiging vir demokrasie, vrede, stabiliteit en voorspoed inhou. Dit moet as deel van daardie groter kwessie hanteer word asook in die konteks van die spesiale betrekkinge wat lankal die inter-Amerikaanse stelsel kenmerk.

Dit bly steeds die beleid van die Verenigde State van Amerika dat die Castro-regime nie toegelaat sal word om hulle aggressiewe mikpunte deur geweld of die dreigement van geweld uit te voer nie. Dit sal voorkom word deur watter stappe ook al nodig is sodat daar nie teen enige deel van die Westelike Halfrond tot die aanval oorgegaan word nie.

[Uit http://www.mtholyoke.edu/acad/intrel/jfkstate.htm. Toegang op 19 Augustus 2019 verkry.]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**BRON 1D**

Die opskrif hieronder is geneem uit 'n Amerikaanse koerant, *The Arizona Republic*, wat op 23 Oktober 1962 verskyn het. Die opskrif lui: 'AMERIKA BLOKKEER KUBA, SÊ VIR RUSS OM "OP TE HOU" ('LAY OFF')'.



REPUBLIC CITY

Phoenix Weather

THE ARIZONA REPUBLIC

THE STATE'S GREATEST NEWSPAPER

Today's Chuckle

Phoenix, Arizona, Dinsdag 23 Oktober 1962

U.S. BLOCKADES CUBA, TELLS RUSS 'LAY OFF'

[Uit https://govbooktalk.gpo.gov/2012/10/18/hawks-vs-doves-the-joint-chiefs-and-the-Cuban-missile-crisis/. Toegang op 16 April 2019 verkry.]

**AFRIKAANSE VERTALING:**

**AMERIKA BLOKKEER KUBA,**
**SÊ VIR RUSS* OM 'OP TE HOU' ('LAY OFF')**

***Die woord RUSS verwys na Rusland.**

## VRAAG 2: WATTER IMPAK HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE OP SUID-AFRIKA EN KUBA GEHAD?

### BRON 2A

Die bron hieronder bespreek die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se nederlaag deur die Kubaanse militêre magte by die Slag van Cuito Cuanavale.

Die mite (storie) oor die onoorwinlikheid van die Suid-Afrikaanse militêre masjien is in 1987 tot 1988 beëindig met belangrike gevolge vir maatskaplike verandering. Die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het in Julie 1987 'n groot aanval in suid-oostelike Angola geloods. Dit was 'n poging om te verhoed dat die Angolese regeringsmagte die dorp Mavinga, wat onder UNITA-beheer was, te verower en om die gebied onder UNITA se beheer uit te brei. Die Suid-Afrikaanse en UNITA-magte het met onverwagse sterk weerstand deur Angolese (MPLA) en Kubaanse magte in die omgewing van die dorp Cuito Cuanavale te doen gekry.

Ten spyte van die aankoms van vars SAW-versterkings in Desember 1987 en die gebruik van hulle mees verwoestende en gesofistikeerde wapens, soos lugvaartuie, artillerie, tenks en panstervoertuie, het hulle steeds swaar verliese gelei en nie daarin geslaag om Cuito Cuanavale te verower nie. Intussen het ander Angolese (MPLA) en Kubaanse militêre magte suidwaarts in die rigting van die Namibiese grens beweeg en Suid-Afrika se terugtoglyn (aftoglyn) afgesny.

ÉcoleBooks

Die verlies aan lugsuperioriteit was beslissend in die SAW se nederlaag. Die Suid-Afrikaanse Lugmag was nie opgewasse teen die moderne Sowjet-toerusting wat deur die verdedigers na die slag gebring is nie. Suid-Afrikaanse lugvaartuie kon nie die radar/missielverdedigings by Cuito Cuanavale penetreer nie en toe die Kubaanse magte in Junie 1988 'n lugaanval op die Calueque-dam geloods het, was die SAW se lugverdediging onvoldoende.

[Uit *Foundations of the New South Africa* deur J Pampallis]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**BRON 2B**

Die bron hieronder verduidelik die gevolge van die Slag van Cuito Cuanavale.

Die toegewydheid van Kubaanse troepe het nietemin die magsbalans in suidelike Afrika radikaal verander. Die moontlikheid dat nog wit dienspligtiges deur 'n goed bewapende Kubaanse teenstander (vyand) gedood kon word, die oorlogskoste en die impak wat dit op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad het, het veroorsaak dat Suid-Afrika Cuito Cuanavale verlaat het.

PW Botha se kabinet het in April 1988 ingestem om direkte onderhandelinge met Angola en Kuba onder Chester Crocker (Amerikaanse Assistent Minister van Buitelandse Sake vir Afrika-aangeleenthede) se bemiddeling te begin. Die Amerikaanse Intelligensiediens ('CIA') het tot die gevolgtrekking gekom dat 'militêre oorwegings die swaarste geweeg het in die regering in Pretoria se besluit om te onderhandel', en uitgewei dat 'hulle leierskap vir die eerste keer in die moderne geskiedenis ontsenu (ontstel) is deur die moontlikheid van 'n goed bewapende teenstander (vyand) wat in staat was om ernstige verliese vir Suid-Afrikaanse magte in konvensionele oorlogvoering te veroorsaak … wat tot gevolg gehad het dat President PW Botha en sy senior adviseurs teësinnig 'n wapenstilstand (vrede) en die idee om oor Namibiese onafhanklikheid te onderhandel in ruil vir die onttrekking van Kubaanse troepe aanvaar het'.

'n Reeks onderhandelings het nou geleidelik Crocker se skakelplan nader aan die werklikheid gebring. Alhoewel dit twaalf rondtes samesprekings sou neem, is twee verdrae op 22 Desember 1988 by die Verenigde Volkeorganisasie onderteken, een tussen Angola en Kuba wat die onttrekking van Kubaanse troepe gereël het, die ander een tussen Angola, Kuba en Suid-Afrika wat tot Namibiese onafhanklikheid ingestem het. Crocker se lang stryd was verby, sy doel om vir 'n streeksvredesooreenkoms te onderhandel, is uiteindelik verwesenlik.

[Uit *Journal of Southern African Studies, volume 35, number 1: Chester Crocker and the South African Border War, 1981–1989. A Reappraisal of Linkage* deur Z Kagan-Guthrie]

**BRON 2C**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n brief wat op 22 Desember 1988 deur Oscar Oramas Oliva (Kubaanse verteenwoordiger by die Veiligheidsraad van die Verenigde Volkeorganisasie) aan die President van die Veiligheidsraad geskryf is. Dit bevat die bepalings van die drieledige vredesooreenkoms wat deur Kuba, Suid-Afrika en Angola onderteken is.

Kuba en Angola kom ooreen dat die vraagstuk van die onafhanklikheid van Namibië en die beveiliging van die soewereiniteit, onafhanklikheid en gebiedsintegriteit van Angola ten nouste aan vrede en veiligheid in die suid-westelike streek van Afrika verbind is; dat 'n drieledige ooreenkoms tussen Kuba, Angola en Suid-Afrika, wat die noodsaaklike elemente vir die behaal van vrede in die suid-westelike streek van Afrika bevat, onderteken moet word.

Daarom wil ons dit nou bevestig dat die omstandighede geskep is vir die inwerkingtreding van die terugkeer na hulle vaderland van die Kubaanse militêre afvaardiging, wat nou in Angolese gebied teenwoordig is en hulle internasionale missie suksesvol uitgevoer het. Vervolgens kom ons soos volg ooreen:

**ARTIKEL 1**

Die … geleidelike en algehele onttrekking na Kuba van die 50 000 man-afdeling van Kubaanse troepe.

**ARTIKEL 3**

EcoleBooks

Albei partye versoek die Veiligheidsraad om die herontplooiing en die geleidelike en algehele onttrekking van die Kubaanse troepe uit die Angolese gebied te verifieer (bevestig) …

**ARTIKEL 4**

Hierdie Ooreenkoms sal in werking tree by die ondertekening van die drieledige ooreenkoms tussen Kuba, Angola en Suid-Afrika.

Die onttrekking van die Kubaanse magte moet volgens die volgende tydraamwerk geskied: Teen 1 November 1989: 25 000; teen 1 April 1990: 33 000; teen 1 Oktober 1990: 38 000 en teen 1 Julie 1991: 50 000.

[Uit https://peacemaker.un.org/angola-protocol-brazzaville88. Toegang op 11 September 2019 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**BRON 2D**

Die foto hieronder toon hoe Kubaanse soldate Angola na die Slag van Cuito Cuanavale verlaat. Die foto is op 10 Januarie 1989 geneem. Die fotograaf is onbekend.



[Uit https://images.app.goo.gl/eV3xyTXEZEqr79W96. Toegang op 16 April 2019 verkry.]

## VRAAG 3: WATTER PROGRAMME HET DIE BLACK PANTHER-PARTY IN DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GEÏMPLEMENTEER?

### BRON 3A

Die bron hieronder fokus op die redes vir die stigting van gemeenskapsgebaseerde programme in die 1960's deur die Black Panther-party in die Verenigde State van Amerika.

Lede van die Black Panther-party was bekend vir die opneem van wapens om hulle teen polisiegeweld te verdedig, maar daar was ook baie ander minder bekende fasette van hulle werk. Hulle het gemeenskapsprogramme [vir swart Amerikaners], soos gratis ontbyt vir kinders, gesondheidsklinieke en skoene vir kinders georganiseer …

Die programme was van die uiterste belang in die Panthers se strategie. Hulle het eerstens honger mense gevoed en kos, klere en mediese sorg aan behoeftige swart Amerikaners gegee. Tweedens het dit gewys wat jy kan vermag as jy georganiseerd is …

'Baie mense het die politiek van hierdie programme verkeerd verstaan; party mense verwys daarna as hervormingsprogramme. Dit is nie hervormingsprogramme nie, dit is in werklikheid revolusionêre gemeenskapsprogramme. 'n Revolusionêre program word deur revolusionêres begin, deur diegene wat die bestaande stelsel vir 'n beter stelsel wil verruil. 'n Hervormingsprogram word deur die huidige uitbuitstelsel saamgestel as 'n versoeningsoffer om die mense 'n rat voor die oë te draai en om hulle stil te hou …'

Die eerste program wat die Panthers georganiseer het, was die Gratis Ontbyt vir Kinders. Lesley Johnson verduidelik hoe dit daartoe gelei het dat sy by die Panthers betrokke geraak het. 'Wel, een van die dinge wat ek onmiddellik van die party kon respekteer en bewonder, was hulle Ontbyt-vir-Skoolkinders-program. Jy weet, my ouers was al twee werkers ... Daar was tye terwyl ek grootgeword het dat die week se hawermout of wat ook al opgeraak het en ek honger skool toe gegaan het. So, ek het regtig waardeer wat die party besig was om te doen.'

[Uit http://www.socialistalternative.orge-black-panther-party-for-self-defense/. Toegang op 13 Maart 2019 verkry.]




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**BRON 3B**

Die foto hieronder toon swart Amerikaanse vrouens en kinders wat sakke met gratis voedsel dra wat in 1969 by die kantore van die Black Panther-party in Oakland, Kalifornië versprei is.




[Uit http://images.app.goo.gl//CcDQGkoJETDJTXpb9. Toegang op 19 Augustus 2019 verkry.]

**BLACK PANTHER-PARTY SE GRATIS-VOEDSEL-PROGRAM**

**BRON 3C**

Die uittreksel hieronder is uit 'n toespraak geneem wat op 23 en 24 Mei 1976 deur Ericka Huggins (aktivis van die Black Panther-party) by die Alternative Schools Conference gelewer is. Dit fokus op hoe die Oakland Community School tot die opheffing van swart Amerikaanse kinders in die Verenigde State van Amerika bygedra het.

Hierdie stad moet organiseer om dinge in onderwys, behuising en die howe gedoen te kry en ook om die lewens van swart Amerikaners op te hef. Ek wou dit sê voordat ek oor onderwys begin praat …

Ek het gister oor die Oakland Community School gepraat, oor alternatiewe onderwys en gemeenskapskole. Ek wil vandag graag begin deur julle die geskiedenis van die Oakland Community School te gee, waarom ons dit begin het, wie dit bedien en in watter rigting ons voel ons gaan.

Eerstens, ons noem onsself nie 'n 'alternatiewe skool' nie. Ons weet ons is, maar die woord 'alternatief' het so 'n negatiewe betekenis by swart en arm mense gekry dat ons met die analisering van wie ons is, wie ons bedien en wat ons probeer om te doen, besluit het om onsself 'n 'modelskool' te noem.

Ons noem Oakland Community School 'n 'modelskool' en dit is een. Ons bedien 125 kinders. Ons is in Oos-Oakland geleë. Ons bedien kinders wat as 'opvoedkundig minderbevoorreg', 'ekonomies verwaarloos' en 'onopvoedbaar' bestempel word. Ons werk met kinders wat in openbare skole moet wees; wat nie in privaat skole of ander alternatiewe was nie; wie se ouers geen politieke affiliasie (konneksie) het nie en net die beste vir hulle kinders wil hê. Ek weet ons wil almal die beste vir ons kinders hê. Kinders verdien die beste, want hulle is die toekoms.

As gevolg van die teistering (vervolging) wat sommige kinders (met sommige kinders bedoel ek seuns en dogters van lede van die Black Panther-party) in Oakland ondervind het, het 'n groep ouers en instrukteurs in 1971 bymekaar gekom en besluit om wat toe die Inter-communal Youth Institute in Oakland genoem is, te stig.

[Uit https://i.pinimg.com/originals/ee/c4/45/eec445e67979686e86227c6c0f86d32b.jpg. Toegang op 13 Maart 2019 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**BRON 3D**

Die bron hieronder fokus op die strategieë wat die Federale Speurdiens (FBI) gebruik het om die gemeenskapsprogramme van die Black Panther-party te ontwrig.

Gratis kos het as relatief onskadelik voorgekom, maar nie vir die hoof van die FBI, J Edgar Hoover, nie. Hy het die Black Panther-party (BPP) verafsku (gehaat) en het in 1969 oorlog teen hulle verklaar. Hy (Edgar Hoover) het die (Gratis Voedsel)-program 'as potensieel die grootste bedreiging vir pogings deur regeringsowerhede om die BPP, en dit waarvoor dit staan, te vernietig en oneffektief te maak', genoem en wetstoepassingsagentskappe carte blanche (vrye teuels) gegee om hulle te vernietig.

Die gevolge was skielik (vinnig) en verwoestend (skokkend). FBI-agente het in stede soos Richmond in Virginia van huis tot huis gegaan en vir ouers gesê dat lede van die BPP hulle kinders oor swart nasionalisme sou leer. Die historikus, Franziska Meister, skryf dat ouers in San Francisco vertel is dat die kos met aansteeklike siektes besmet is; daar is klopjagte op gratis-kos-terreine in Oakland en Baltimore uitgevoer deur offisiere wat BPP-lede voor angsbevange kinders geteister het, en deelnemende kinders is deur die Chicago-polisie afgeneem (gefotografeer).

'n Vroulike Panther het historikus Nik Heynan vertel dat 'die aand voordat die eerste ontbytprogram in Chicago veronderstel was om te open, het die Chicago-polisie by die kerk ingebreek en al die kos fyngemaak en daarop geürineer.'

Dit en ander pogings om die Black Panthers te vernietig, het uiteindelik die program beëindig. Die openbare sigbaarheid van die Panthers se ontbytprogramme het egter op die ou end druk op politieke leiers geplaas om kinders voor skool te voed …

… Die Skoolontbytprogram is in 1975 permanent gemagtig (goedgekeur). Deesdae help dit om meer as 14,57 miljoen kinders voor skool te voed en sonder die radikale optrede deur van die Black Panthers sou dit dalk nooit gebeur het nie.

[Uit http://www.history.com/news/free-school-breakfast-black-panther-party.
Toegang op 16 Mei 2019 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Byrne, PJ. 2006. *The Cuban Missile Crisis – To the Brink of War* (Compass Point Books, Minneapolis, Minnesota)

http://images.app.goo.gl//CcDQGkoJETDJTXpb9

http://www.history.com/news/free-school-breakfast-black-panther-party

http://www.mtholyoke.edu/acad/intrel/jfkstate.htm.

http://www.mtholyyoke.edu/acad/precrisis.htm.

http://www.socialistalternative.orge-black-panther-party-for-self-defense

https://govbooktalk.gpo.gov/2012/10/18/hawks-vs-doves-the-joint-chiefs-and-the-Cuban-missile-crisis/

https://i.pinimg.com/originals/ee/c4/45/eec445e67979686e86227c6c0f86d32b.jpg

https://images.app.goo.gl/eV3xyTXEZEqr79W96

https://peacemaker.un.org/angola-protocol-brazzaville88

Kagan-Guthrie, Z. 1995. *Journal of Southern African Studies, Volume 35, Number 1: Chester Crocker and the South African Border War, 1981–1989. A Reappraisal of Linkage*

Pampallis, J. 1991. *Foundations of the New South Africa* (Maskew Miller, Kaapstad)

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM